



Fall in love with reading!

Many people know that 14 February is Valentine's Day, but did you know that Library Lovers' Day and International Book Giving Day are also celebrated on this date each year? So, this year on 14 February, combine these three days into one celebration of love and reading by doing these things.

- ♥ Take your children to the library around 14 February to read their favourite stories and to find new ones they might enjoy.
- ♥ Spend time passing on your love of stories on 14 February by reading aloud to your children for a little longer than you usually do, or at a different time of day.
- ♥ Give each of your children a book as a Valentine's Day gift.
- ♥ Ask your children to select a book from their collection to pass on to another child on 14 February.

5 EASY WAYS TO HELP CHILDREN FALL IN LOVE WITH READING

1. **Make stories part of their daily routine.** Cuddle up next to your children to read or tell a story before they go to sleep every night. They will quickly learn to link reading and stories with love.
2. **Let them choose the book.** This helps them to be more interested in the story.
3. **Be a reading role model.** Let your children see you reading for enjoyment too. Our children learn more from watching what we do than from what we say!
4. **Make the story come alive.** Use expression in your voice to help create the mood of the story and use different voices for different characters.
5. **Read to them in the languages they know best.** To learn to love reading, you need to understand the words on the page. The easier it is for your children to understand the stories you read to them, the more they can relax and enjoy the stories.

5 MAKLIKE MANIERE OM KINDERS GAANDE TE MAAK OOR LEES

1. **Maak stories deel van hul daaglikse roetine.** Krul elke aand snoesig langs jou kinders op om vir hulle 'n storie te lees of te vertel voor hulle gaan slaap. Hulle sal gou begin om lees en stories met liefde te assosieer.
2. **Laat hulle die boek kies.** Dit help hulle om meer geïnteresseerd te wees in die storie.
3. **Wees 'n leesrolmodel.** Maak seker dat jou kinders jou ook vir genot sien lees. Ons kinders leer meer deur te kyk wat ons doen as deur dit wat ons sê!
4. **Maak die storie lewendig.** Lees of vertel met uitdrukking in jou stem om die stemming van die storie te help skep en gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters.
5. **Lees vir hulle in die tale wat hulle die beste ken.** Om lief te raak vir lees, moet jy die woorde op die bladsy verstaan. Hoe makliker dit vir jou kinders is om die stories wat jy vir hulle lees te verstaan, hoe meer kan hulle ontspan en die stories geniet.

Raak verlief op lees!

Baie mense weet dat 14 Februarie Valentynsdag is, maar het jy geweet dat Biblioteekliefhebbersdag en Internasionale Gee-'n-boek-dag ook elke jaar op hierdie dag gevier word? Kombineer dus hierdie jaar op 14 Februarie hierdie drie dae in een viering van liefde en lees deur die volgende dinge te doen.

- ♥ Neem jou kinders rondom 14 Februarie biblioteek toe om hul gunstelingstories te lees en nuwe stories te vind wat hulle dalk sal geniet.
- ♥ Spandeer op 14 Februarie tyd om jou liefde vir stories oor te dra deur 'n bietjie langer as gewoonlik hardop vir jou kinders te lees, of lees vir hulle op 'n ander tyd van die dag.
- ♥ Gee vir elk van jou kinders 'n boek as 'n Valentynsdaggeskenk.
- ♥ Vra jou kinders om 'n boek uit hul versameling te kies om op 14 Februarie vir 'n ander kind te gee.



Children can't learn to love reading for enjoyment if ...

- ★ they don't have interesting books and stories around them.
- ★ no one ever reads to them.
- ★ they never see adults reading for enjoyment.
- ★ they are forced to read in a language they don't understand.
- ★ the only time they read, is when they are doing schoolwork or homework.

Kinders sal nie daarvan hou om vir genot te lees nie as ...

- ★ hulle nie interessante boeke en stories om hulle het nie.
- ★ niemand ooit vir hulle lees nie.
- ★ hulle nooit volwassenes vir genot sien lees nie.
- ★ hulle gedwing word om in 'n taal te lees wat hulle nie verstaan nie.
- ★ die enigste tyd wanneer hulle lees, is wanneer hulle skoolwerk of huiswerk doen.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Nal'ibali news

On 6 October 2018, Nal'ibali won third prize at the African Union's Innovating Education in Africa Expo held in Dakar, Senegal. And guess what? Nal'ibali received this recognition for its bilingual reading-for-enjoyment supplement!

The supplement is currently available in eight of South Africa's official languages and they are printed every second week during school term time. Teachers who receive the supplement say that the children cannot wait for "story week".

"We're really honoured to receive this continent-wide recognition," says Katie Huston, Head of Research and Innovation at Nal'ibali. "People often think that innovation has to mean new technology. The supplement shows that something really simple can have a huge impact."

Nal'ibali's award-winning supplement may be the answer to one of South Africa's biggest challenges: How do we get quality, affordable reading materials into our children's hands? Research has shown that children's reading ability is the thing that contributes the most to their success at school. But in South Africa, only 17% of our schools have libraries stocked with books, and very few homes have more than ten books in them.

"In South Africa, books are expensive and very few are printed in indigenous languages," explained Jade Jacobsohn, Managing Director of Nal'ibali.

"The supplement meets children where they're at, with quality, fun reading material in their home languages," added Huston. "This is important, because having a strong foundation in their home language helps children to learn additional languages, including English, and to succeed at school."

The supplement is a result of partners working together to get reading materials to children and the adults in their lives. It just shows that together we can give all our children the opportunity and support they need to become lifelong readers. Our innovative supplement has now been recognised by the African Union as a way to meet the goals of its Continental Education Strategy for Africa 2016–2025, and also of the United Nations Sustainable Development Goals.

Nal'ibali-nuus

Op 6 Oktober 2018 het Nal'ibali die derde prys gewen by die Afrika-unie se Innovating Education in Africa Expo wat in Dakar, Senegal, gehou is. En raai wat? Nal'ibali het hierdie erkenning gekry vir hul tweetalige lees-vir-genot-bylae!

Die bylae is tans beskikbaar in agt van Suid-Afrika se amptelike tale, en dit word gedurende die skoolkwartaal elke tweede week gedruk. Onderwysers wat die bylae ontvang, sê dat die kinders nie kan wag vir "storieweek" nie.

"Dit is vir ons regtig 'n eer om hierdie erkenning van oor die hele vasteland te ontvang," sê Katie Huston, Hoof van Navorsing en Innovering by Nal'ibali. "Mense dink dikwels dat innovering nuwe tegnologie moet beteken. Die bylae wys egter dat iets wat werklik eenvoudig is, 'n groot impak kan maak."

Nal'ibali se bekroonde bylae kan dalk die antwoord wees op een van Suid-Afrika se grootste uitdagings: Hoe verskaf ons bekostigbare leesmateriaal van goeie gehalte aan ons kinders? Navorsing het getoon dat kinders se leesvermoë die faktor is wat die grootste bydrae lewer tot hul sukses op skool. Maar in Suid-Afrika het slegs 17% van ons skole biblioteke met boeke, en baie min huise beskik oor meer as tien boeke.

"In Suid-Afrika is boeke baie duur, en baie min boeke word in inheemse tale gedruk," verduidelik Jade Jacobsohn, Besturende Direkteur van Nal'ibali.

"Die bylae ontmoet kinders op die vlak waarop hulle is, met prettige leesmateriaal van goeie gehalte in hul huistale," voeg Huston by. "Dit is belangrik, want 'n sterk grondslag in hul huistaal help kinders om addisionele tale, wat Engels insluit, aan te leer en om sukses te behaal op skool."

Die bylae is die resultaat van vennote wat saamwerk om leesmateriaal by kinders en die volwassenes in hul lewens te kry. Dit toon dat ons saam vir al ons kinders die geleentheid en ondersteuning kan gee wat hulle nodig het om lewenslange lesers te word. Ons innoverende bylae het nou deur die Afrika-unie erkenning gekry as 'n manier om die doelwitte van sy Continental Education Strategy for Africa 2016–2025, asook die Verenigde Nasies se Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling, te bereik.



Drive your
imagination

Making stories part of school life

Let the children at your school experience storytelling and reading regularly as a part of their lives at school – not just in the classroom, but at other times too.



Maak stories deel van die skoollewe

Laat die kinders in julle skool lees en die vertel van stories gereeld as deel van hul lewens by die skool ervaar – nie net in die klaskamer nie, maar ook op ander tye.

Before school

- Encourage parents and other caregivers to read and tell stories to children on their way to school. They can enjoy stories in all eleven languages on their cellphones at www.nalibali.mobi.
- Create a space for picture books where older children who arrive at school early can sit with younger children and read stories to them.

During school

- Turn at least one school assembly a month into a story-focussed one. Arrange for a staff member to tell a story, let a group of children act one out, or ask a class to share with the rest of the school what they have been doing to develop a love of reading.
- Use your school's intercom system for regular storytelling sessions. Teachers and older children can read or tell a story while the rest of the children enjoy listening to it in their classrooms.
- Organise fun book activities for break (interval) times. For example, have a book hunt. Photocopy the covers of about ten of the children's favourite books. On the back of each photocopy, write clues that tell everyone where they need to look to find the next hidden book cover. Then hide the book covers in different places in the playground and let the children have fun using the clues to find them all.
- Start a #Get-Caught-Reading campaign. Let the teachers on playground duty at break time use their cellphones to take photos of children they see reading during break. Print out the photos and display them on a notice board. Create your school's own special "I got caught reading" stickers using self-adhesive labels and give one to each child who is photographed!

After school

- Make reading for enjoyment part of what children do after school too by starting a reading club at your school. You can find out how to do this in Story Power Guide 2, available at www.nalibali.org.

Voor skool

- Moedig ouers en ander versorgers aan om op pad skool toe vir kinders stories te lees en te vertel. Hulle kan stories in al elf tale op hul selfone kry by www.nalibali.mobi.
- Skep 'n ruimte met prentboeke waar ouer kinders wat vroeg by die skool aankom, saam met jonger kinders kan sit en vir hulle stories kan lees.

Gedurende skooltyd

- Verander minstens een saalbyeenkoms per maand in 'n byeenkoms wat op stories fokus. Reël dat een van die personeellede 'n storie vertel, laat 'n groep kinders 'n storie opvoer, of vra 'n klas om vir die res van die skool te vertel wat hulle doen om 'n liefde vir lees te kweek.
- Gebruik die skool se interkomstelsel vir gereelde storievertel-sessies. Onderwysers en ouer kinders kan 'n storie lees of vertel, terwyl die res van die kinders in hul klaskamers daarna luister.
- Organiseer prettige boekaktiwiteite tydens pouses. Hou byvoorbeeld 'n boekskattejag. Fotokopieer die omslae van sowat tien van die kinders se gunstelingboeke. Skryf op die agterkant van elke fotokopie leidrade wat vir almal sê waar hulle moet soek om die volgende versteekte boekomslag te vind. Steek dan die boekomslae op verskillende plekke op die speelgrond weg, en laat die kinders dit geniet om die leidrade te gebruik om almal te vind.
- Begin 'n #Word-betrap-terwyl-jy-lees-veldtog. Laat die onderwysers wat pouses speelgrond diens doen hul selfone gebruik om foto's te neem van kinders wat hulle tydens pouses sien lees. Druk die foto's uit en steek dit teen 'n kennisgewingbord vas. Maak spesiale plakkers vir jou skool waarop staan: "Ek is betrap terwyl ek gelees het", en gee een vir elke kind wat afgeneem word!

Na skool

- Maak lees vir genot deel van wat kinders na skool doen deur 'n leesklub by julle skool te begin. Vind meer uit hieroor in Story Power-gids 2, beskikbaar by www.nalibali.org.

Make reading for enjoyment part of your school! For more information and guidance on how to do this, go to www.storypoweredschools.org.



Maak lees vir genot deel van jou skool! Vir meer inligting en leiding oor hoe om dit te doen, gaan na www.storypoweredschools.org.

Putting stories at the heart of your school • Laat stories eerste staan in julle skool

WIN! WEN!



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *Circles* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Remember to include your full name, age and contact details.



Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Sirkels* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur vir ons 'n twiet by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.

Your story

We always love it when you send us things that you have written, drawn or painted!

Lorato Trok, an author and translator, sent us this piece of writing by her daughter. "My daughter, Oratile, always looks forward to the stories I translate, as I tell them to her every night at bedtime. Now she tries to write stories of her own. Here is one of them," she explained.

Oratile's story is about a boy called Jabulani who is playing with a lion that wants to eat him. Jabulani runs home and hides.



The story is about Jabulani.
Jabulani is playing with the lion.
The lion is eating Jabulani.
Jabulani is running away.
Lion wants to eat Jabulani.
Jabulani is running away from the lion.
The lion wants to eat Jabulani.
Jabulani ran at home to hide.
So the lion can't find him.

By Oratile Trok, 8 years old

Deur Oratile Trok, 8 jaar oud

Jou storie

Ons hou altyd daarvan wanneer julle vir ons dinge instuur wat julle geskryf, geteken of gevef het!

Lorato Trok, 'n skrywer en vertaler, het vir ons hierdie stukkie skryfwerk van haar dogter gestuur. "My dogter, Oratile, sien uit na die stories wat ek vertaal, want ek vertel dit elke aand vir haar met slaaptyd. Nou probeer sy haar eie stories skryf. Hier is een daarvan," verduidelik sy.

Oratile se storie gaan oor 'n seun met die naam Jabulani wat met 'n leeu speel wat hom wil opeet. Jabulani hardloop huis toe en kruip weg.



Here is a poem written by Kirsten Eagles. It is about how much she enjoys the Nal'ibali Supplement.

Hier volg 'n gedig wat Kirsten Eagles geskryf het. Dit gaan oor hoe baie sy die Nal'ibali-bylae geniet.

Send us your writing and pictures!

You can post them to: The Nal'ibali Supplement, The Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700. Or email them to us at info@nalibali.org. Don't forget to include your full name, age and contact details so that we can contact you.

I love Nal'ibali

Because it is fun

And when my mommy goes to the shop

I always ask her to bring back one!

By Kirsten Eagles, 9 years old

Deur Kirsten Eagles, 9 jaar oud

Stuur jou skryfwerk en prente vir ons!

Jy kan dit pos aan: Die Nal'ibali-bylae, Die Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidsparke, Wyecroft-weg, Mowbray, 7700. Of stuur dit per e-pos aan ons by info@nalibali.org. Moenie vergeet om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit nie sodat ons jou kan kontak.

Create TWO cut-out-and-keep books

Nice and clean

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Circles

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Silwerskoon

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyn om die bladsye te skei.

Sirkels

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyn om die bladsye te skei.



Die week daarna het die lote opgeskiet
en begin blom. 'n Skoenlapper fladder
om die blomme en 'n duisendpoot rus in
hul skaduwee.

The week after that, the shoots
had grown tall and blossomed. A
butterfly sipped at the flowers and a
songololo rested in their shade.



Circles Sirkels

Alex Latimer
Gordon Latimer
Patrick Latimer

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment
campaign to spark and embed a culture of reading
across South Africa. For more information, visit
www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog.
Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat
vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek
www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination




Die volgende week gaan kyk
hulle weer na die dooie bok. Sy
geraamte is nou skoon en wit, en
klein plantjies begin tussen die
bene opkom.

A week later, a pair of weavers was
picking the leaves to build a nest. Bees
were collecting pollen from the blossoms.
And a spider had made her home between
the buck's horns.

“Where do we leave all those things?”
asked the little vulture.
“We leave them in our children and in
our family and friends. You are already my
green patch on earth, Little Vulture. And
you will be, forever.”

“Waar los ons al daardie dinge?” vra die
jong aasvoël.
“Ons laat dit in ons kinders en in ons
familie en vriende agter. Jy is reeds my
groen lappie aarde, Klein Aasvoëltjie. En
jy sal dit altyd bly.”



'n Week later pluk 'n paar vinke
die blare om 'n nes mee te bou. Bye
versamel stuifmeel van die bloeïsels. En 'n
spinnekop het haar web tussen die bok se
horings gespin.

The next week, they visited the
dead buck. Its skeleton was clean
and white, and tiny plants had
started to grow between the bones.




On a cliff there lived a young vulture with
his mother.

'n Jong aasvoël het saam met sy ma op 'n
krans gewoon.



“Elk weet,” sê sy ma. “Die dood is baie swaar en baie hartseer. Maar dit is ook baie mooi.”
“Nooit gesien nie,” sê die jong aasvoël. “Sies.”
“Wag maar,” sê sy. “Ons kom binnekort terug hierheen en dan sal jy sien.”



And the week after that, they saw a young gemsbok nibbling the tasty shoots.



“It is not just our bodies we leave behind when we die,” said the mother vulture. “We also leave our lessons and our love and our memories.”



“Dis nie net ons liggame wat agterbly wanneer ons doodgaan nie,” sê die aasvoëlma. “Ons laat ook ons lesse en ons liefde en ons herinneringe agter.”

En wanneer ons klaar geëet het? Ons
was ons hande en borsel ons tande!



And after we've eaten? We wash
our hands and brush our teeth!

Waarnee was ons? Skoon water en
seep. Kom ons speel met borrels!



What do we use to wash ourselves?
Clean water and soap. Let's play
with bubbles!



Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust
and the Project for the Study of Alternative Education in
South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA,
go to www.praesa.org.za.

Gereproduseer met die goedgeunstige toestemming
van The Little Hands Trust en die Project for the Study of
Alternative Education in South Africa (PRAESA). Om meer
uit te vind oor PRAESA, gaan na www.praesa.org.za.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment
campaign to spark and embed a culture of reading
across South Africa. For more information, visit
www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog.
Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat
vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek
www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination

Nice and clean Silwerskoon




Tesfaye G. Mariam
Alzette Prins
Marie Gerber

Raai wat doen ons voor ons eet? Ons was ons hande!



Before we eat, guess what we do? We wash our hands!




Everybody needs to wash. What do we wash? Our hands and face and body too!

Almal moet was. Wat was ons? Ons hande en gesig en ook ons lyf!



Now everybody's nice and clean!



Almal is silwerskoon!



En die week daarna sien hulle 'n
jong gemsbok wat aan die sappige
lote knibbel.



“I know,” said his mother. “Death
is very difficult, and very sad. But it
is also beautiful.”
“No ways,” said the young
vulture. “Yuck.”
“Just wait,” she said. “We will
come back here soon and you
will see.”

The two of them flew back to their nest
high up on the cliff.




Die twee aasvoël vlieg terug na hul nes
hoog bo op die krans.

When he was old enough to fly,
his mother took him high into the air
and they circled together, watching the
ground below.

“I want to show you something
beautiful,” she told her son.


Toe hy oud genoeg is om te vlieg,
neem sy ma hom hoog in die lug op en
hulle sirkel saam terwyl hulle die grond
onder hulle dophou.

“Ek wil vir jou iets wys wat baie mooi
is,” sê sy vir haar seun.



They saw an old gemsbok
staggering through the heat.
“Look there. That gemsbok
won’t last long.”

Hulle sien ’n ou gemsbok
wat in die hitte voortstompel.
“Kyk daar. Daardie gemsbok
gaan nie lank hou nie.”



En die bok sak sowaar net daar inmekaar
en gaan dood. Die twee aasvoëls vlieg af
grond toe.
“Dis nie mooi nie,” sê die jong aasvoël vir
sy ma. “Dis aaklig!”



“Well?” said the vulture’s mother. “Look
at the life one buck has given. He has given a
spider a home and weavers a nest, fed bees and
butterflies, sheltered a songlolo, and helped the
next generation of buck grow strong.”
The young vulture smiled.

“Wel?” sê die aasvoël se ma. “Kyk na die lewe
wat een bok gegee het. Hy het vir ’n spinnekop
’n blyplek gegee en vir die vinke ’n nes, hy
het die bye en skoelappers gevoed, vir die
duisendpoot skulping gebied en die volgende
geslag bokke sterk gemaak.”
Die jong aasvoël glimlag.



Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Circles* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), *Nice and clean* (pages 9 and 10) and *Lolo fixes the internet* (page 14).

Circles

Even though it is hard when someone we love dies, we always carry a piece of them in our hearts. In the heart below, draw something that reminds you of a loved one who has died. Include a message too, if you would like to.

Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Sirkels* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12), *Silwerskoon* (bladsye 9 en 10) en *Lolo maak die internet reg* (bladsy 15).

Sirkels

Al is dit swaar wanneer iemand vir wie ons lief is doodgaan, dra ons altyd 'n stukkie van hulle in ons harte saam. Teken iets in die hart hieronder wat jou herinner aan 'n geliefde wat dood is. Sluit ook 'n boodskap in as jy wil.



Nice and clean

- ★ Write a funny story about slippery soap and washing.
- ★ Draw a picture of yourself when you are dirty, and then a picture of yourself once you are nice and clean again. Use your pictures to tell a story about what happened to make you so dirty and then how you got nice and clean!



Silwerskoon

- ★ Skryf 'n snaakse storie oor glibberige seep en was.
- ★ Teken 'n prent van jouself wanneer jy vuil is, en dan 'n prent van jouself wanneer jy weer silwerskoon is. Gebruik jou prente om 'n storie te vertel oor wat gebeur het dat jy so vuil geword het, en hoe jy weer silwerskoon gekom het!

Lolo fixes the internet

Have you done something you are proud of? Create a certificate of achievement to congratulate yourself – and then display it where everyone can see it!



Lolo maak die internet reg

Het jy al iets gedoen waarop jy trots is? Maak 'n prestasiesertifikaat om jouself geluk te wens – en stal dit dan uit waar almal dit kan sien!





Lolo fixes the internet

By Kgosi Kgosi ■ Illustrations by Vian Oelofsen



Lolo was a clever little girl who lived in the village of the Batswana people. This beautiful village was like no other in the world. The people there were really clever and they were ahead of their time. Lolo was the smartest of them all.

In Lolo's village, the internet was the most important tool. If you visited the village, you'd find school children using their computer tablets to find the information they needed to finish their schoolwork. Many people had cars that could fly and they controlled these cars by using the internet. People used the internet for EVERYTHING!

And then one day – *POOF!* Suddenly the internet was gone. Everyone thought that maybe it had gone down for a while and that it would work again later, but they were wrong.

The king and queen of the village made an announcement on the community radio and television stations. They said that the internet would be down for a long time. Everyone in the village was shocked. Lolo watched in amazement as every child in her school panicked.

"Our lives are over!" shouted one of her friends grabbing Lolo by her shoulders.

One of Lolo's teachers ran out of the classroom, grabbed her arm and said, "Do something, Lolo! You are the clever one." Then the teacher ran off crying.



Lolo could not understand what the fuss was about. "Everyone is behaving as if the world is coming to an end!" she thought. She decided that the next day she would pay the king and queen a visit to find out about the problem.

When Lolo arrived at the Royal House, she was welcomed with a glass of warm milk and a plate of chocolate chip biscuits. Lolo ate some of the biscuits while she waited for the king and queen. They were the best biscuits she had ever tasted.

The king and queen arrived and greeted Lolo. They began to talk about the problem in the village. The queen explained that their ministers had found out that the problem was with a satellite that was far, far away – all the way up in space!

"So," said the queen, "it is not just our village, but the whole world that does not have the internet." The queen then held Lolo's hand and said, "My child, we are looking for someone really clever to get into the royal spacecraft, travel into space and fix the satellite."

"Lolo," said the king, "you are the only person for the job! If you do this, you will be doing the whole world a favour."

Lolo felt excited and nervous all at the same time. She had read that going into space was a dangerous thing to do, but she agreed to go.

For days, the little girl worked alongside the space crew to prepare for this special mission. She learnt how to fly and control the spacecraft and she learnt how to float in space. Soon Lolo was ready to fly off into space.

On the day that Lolo left, everyone was there to watch. People threw flowers at her for good luck. Others sang songs of encouragement. Lolo felt so loved.



Lolo climbed into the spacecraft and all the technicians turned the engines on. Moments later, the spacecraft left earth. After flying for what seemed like a long, long time, the spacecraft landed at the space station. Lolo could see the satellite from the window. She contacted the king and queen using a special type of radio to let them know that she had arrived safely. Everyone at home celebrated and her parents were especially happy to know that their daughter was alive and well.

But the mission didn't go quite as planned. For days Lolo struggled to work out what the problem was. She knew that the success of the mission was in her hands and she didn't want to let everyone down. Eventually the space team's food and water began to run out. The mission had become very difficult, but still the clever little girl kept working and working, until one day ... she had worked it all out! One of the cables on the satellite had burnt out and needed to be replaced. Once Lolo had done that, the internet was back! Everyone in her village and all over the world celebrated.

After a hard, but successful mission, Lolo returned home. She was a hero! The king and queen were so proud of her that they gave her a medal of honour and named their next child after her.



Lolo maak die internet reg

Deur Kgosi Kgosi ■ Illustrasies deur Vian Oelofsen



Lolo was 'n baie slim dogtertjie wat in die dorp van die Batswana-mense gewoon het. Hierdie pragtige dorp was soos geen ander in die wêreld nie. Die mense van die dorp was regtig slim en hul tyd ver vooruit. Lolo was die slimste van almal.

In Lolo se dorp was die internet die belangrikste ding. As jy die dorp sou besoek, sou jy die skoolkinders met hul rekenaartablette vind, besig om inligting te soek wat hulle nodig het om hul huiswerk te doen. Baie mense het motors gehad wat kon vlieg, en hulle het hierdie motors beheer deur die internet te gebruik. Mense het die internet vir ALLES gebruik!

En toe, op 'n dag – *POEF!* Skielik is die internet weg. Almal het gedink die internet is dalk net vir 'n rukkie af en sal weer later werk, maar hulle was verkeerd.

Die koning en koningin van die dorp het 'n aankondiging oor die gemeenskapsradio en televisie gedoen. Hulle het gesê die internet sal vir 'n lang tyd af wees. Almal in die dorp was geskok. Lolo het verstom toegekyk hoe elke kind in haar skool paniekerig raak.

"Ons lewens is verby!" skree een van haar maats en gryp Lolo aan haar skouers.

Een van Lolo se onderwysers storm by die klaskamer uit, gryp haar aan die arm en sê: "Doen tog iets, Lolo! Jy is die slim een." Toe hardloop die onderwyser huilend weg.



Lolo kan nie verstaan waaroor die bohaai gaan nie. "Almal tree op asof dit die einde van die wêreld is!" dink sy. Sy besluit dat sy die volgende dag by die koning en koningin sal gaan besoek aflê om uit te vind wat die probleem is.

Toe Lolo by die Koningshuis aankom, word sy met 'n glas warm melk en 'n bord sjokoladesplinterkoekies verwelkom. Lolo eet van die koekies terwyl sy vir die koning en koningin wag. Dis die lekkerste koekies wat sy nog ooit geëet het.

Die koning en koningin kom aan en groet vir Lolo. Hulle begin oor die probleem in die dorp gesels. Die koningin verduidelik dat hul ministers uitgevind het dat daar 'n probleem met 'n satelliet is, 'n satelliet wat baie ver weg is – ver weg in die ruimte!

"So," sê die koningin, "dis nie net ons dorp nie, maar die hele wêreld wat nie internet het nie." Die koningin vat toe Lolo se hand en sê: "My kind, ons is op soek na iemand wat baie slim is, wat in die koninklike ruimtetuig sal klim, na die ruimte sal reis en die satelliet sal regmaak."

"Lolo," sê die koning, "jy is die enigste een wat dit kan doen! As jy dit doen, sal jy die hele wêreld 'n guns doen."

Lolo voel tegelyk opgewonde en senuweeagtig. Sy het gelees dat dit gevaarlik is om na die ruimte te reis, maar sy stem in om te gaan.

Dae lank werk die klein dogtertjie saam met die ruimtespan om vir hierdie spesiale sending voor te berei. Sy leer hoe om te vlieg en die ruimtetuig te beheer en sy leer hoe om in die ruimte te dryf. Sommer gou is Lolo gereed om die ruimte aan te durf.

Die dag toe Lolo vertrek, is almal daar om te kom kyk. Mense gooi blomme na haar om haar geluk toe te wens. Ander sing liedjies om haar aan te moedig. Lolo voel dat almal lief is vir haar.



Lolo klim in die ruimtetuig en al die tegnici skakel die enjins aan. Oomblikke later verlaat die ruimtetuig die aarde. Na wat soos 'n ewigheid voel, land die ruimtetuig by die ruimtestasie. Lolo kan die satelliet deur die venster sien. Sy kontak die koning en koningin met 'n spesiale soort radio om hulle te laat weet dat sy veilig aankom het. Almal by die huis vier fees en haar ouers is veral bly om te hoor dat hul dogter lewendig is en dat dit goed gaan met haar.

Maar die sending verloop nie heeltemal volgens plan nie. Dae lank sukkel Lolo om vas te stel wat die probleem is. Sy weet die sukses van die sending is in haar hande, en sy wil niemand in die steek laat nie. Uiteindelik begin die ruimtespan se kos en water opraak. Die sending raak baie moeilik, maar die slim klein dogtertjie hou aan werk en werk totdat sy op 'n dag die probleem opspoor! Een van die satelliet se kables het uitgebrand en moet vervang word. Toe Lolo dit gedoen het, is die internet terug! Almal in haar dorp en oor die hele wêreld vier fees.

Na 'n moeilike, maar suksesvolle sending keer Lolo terug huis toe. Sy is 'n held! Die koning en koningin is so trots op haar dat hulle vir haar 'n medalje gee en ook hul volgende kind na haar vernoem.

Nal'ibali fun



1. Read this story and then look at the picture.

One hot summer's day, Gogo decided to take Neo, Bella and Mbali to the beach. Bella didn't want to leave Noodle at home, so he came too!

As soon as they got to the beach, Gogo put up a purple and red umbrella to give them some shade. But Bella wasn't interested in sitting under an umbrella – she wanted to build a sandcastle for a queen!

"Put on your new red sunhat if you're going to play in the sun," said Gogo.

First, Bella spent time collecting sand and seashells in her green bucket. Then she spent time digging and building. She didn't stop until she had finished the sandcastle, even though it was very hot in the sun!

Neo decided that he wanted to read and so he settled down under the umbrella. He was so busy reading that he forgot to take off his sunglasses and sandals.

"Why is it so dark at the beach today, Gogo?" he asked. "I can hardly see the pictures in my book."

"Well, if you took off your sunglasses, it might help you see better!" laughed Gogo.

Mbali, who always copies her big brother, sat down next to Neo and started to read his book about dogs. But being at the beach is tiring when you are two years old and it wasn't long before she fell fast asleep with the book over her face and her teddy bear next to her on the towel.

And what did Noodle do? He decided that he wanted to surf!



Nal'ibali-pret

Lees hierdie storie en kyk dan na die prent.

Een warm somersdag besluit Gogo om vir Neo, Bella en Mbali strand toe te vat. Bella wil nie vir Noodle by die huis los nie en daarom gaan hy ook saam!

Toe hulle op die strand kom, slaan Gogo 'n pers-en-rooi sambreel op om skaduwee te gooi. Maar Bella wil nie onder 'n sambreel sit nie – sy wil 'n sandkasteel vir 'n koningin bou!

"Sit jou nuwe rooi sonhoed op as jy in die son gaan speel," sê Gogo.

Bella maak eers sand en skulpies in haar groen emmertjie bymekaar. Toe begin sy grawe en bou. Sy hou nie op voor die sandkasteel klaar is nie, al is dit baie warm in die son!

Neo besluit hy wil lees, en gaan lê onder die sambreel. Hy is so besig om te lees dat hy vergeet om sy sonbril af te haal en sy sandale uit te trek.

"Hoekom is dit vandag so donker op die strand, Gogo?" vra hy. "Ek kan skaars die prente in my boek sien."

"Wel, as jy jou sonbril afhaal, sal jy dalk beter kan sien!" lag Gogo.

Mbali, wat altyd haar ouboet na-aap, sit langs Neo en begin sy boek oor honde lees. Maar die strand maak 'n mens moeg as jy net twee jaar oud is, en dis nie lank nie of sy is vas aan die slaap met die boek oor haar gesig en haar teddiebeer langs haar op die handdoek.

En wat doen Noodle? Hy besluit hy wil branderplank ry!

2. Can you find 6 places where the story doesn't match the picture?

Kan jy 6 plekke vind waar die storie nie by die prent pas nie?

3. What do you think happens next in the story? Use the lines below to continue the story.

Wat dink julle gebeur volgende in die storie? Gebruik die reëls hieronder om die storie verder te skryf.



Antwoorde: 1. pers-en-rooi sambreel, rooi sonhoed, groen emmertjie, sandale, 'n boek oor honde, teddiebeer op die handdoek
Antwoorde: 1. purple and red umbrella, red sunhat, green bucket, sandals, a book about dogs, teddy bear on the towel

Nal'ibali is here to motivate and support you. **Contact us** by calling our call centre on **02 11 80 40 80**, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. **Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org

www.nalibali.mobi

[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)



Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE



Drive your
imagination

